
**VOETE WAS**




Die paasfees was net om die draai. Die Here Jesus het besef die tyd het gekom om terug te gaan na sy Vader toe. Dit was nie vir Hom maklik nie. Hy het baie geheg geraak aan sy getroue volgelinge hier op aarde. Jesus het sy mense wat in die wêreld is, uiters liefgehad, dit is waarom Hy bereid was om die lydenspad te kies en te loop. Joh 13:1 – *"EN voor die fees van die pasga het Jesus, omdat Hy wis dat sy uur gekom het dat Hy uit hierdie wêreld sou oorgaan na die Vader, en omdat Hy sy eie mense in die wêreld liefgehad (Grieks: agapēsas Goddelike liefde) het, hulle liefgehad tot die einde toe."*

Die Here Jesus het doelbewus na Jerusalem gekom vir die kruispad wat vir Hom voorlê. Jesus kon dit doen, omdat Hy vas oortuig was dat God in beheer is van alles, en dat Hy die belofte gehad het dat Hy weer sal opstaan en na God toe sal teruggaan. Dit is ook die kern van ons hoop, dat hierdie Jesus met dié belofte geleef het, die belofte as wáár bewys was met sy eie opstanding, en daarom vir ons belofte van die opstanding en die lewe word.

Die hele tyd wat die Here Jesus met Sy dissipels gewandel het vir drie jaar, het hulle gewéét wie Hy is. Hulle het Hom Here, Leermeester en Rabbi genoem. Hulle het Sy wonderwerke gesien, die absolute gesag waarmee Hy te werk gegaan het.

Alles is gereed vir die Paasmaal. Die Here Jesus weet dat sy tyd gekom het. Hy sal nou-nou gevange geneem en gedood word as Paaslam vir die sondes van die wêreld.

Voordat dit gebeur wil Jesus egter die Paasmaal met sy dissipels eet in die bekende bokamer. Gedurende die maaltyd wil Jesus die Heilige Nagmaal instel want Hy wil vir Sy kerk 'n gedenkteken van Sy dood nalaat.

Alles is gereed vir die laaste maal: die Paaslam, die ongesuurde brood, wyn, bitter kruie, asook water by die deur, 'n kom en 'n doek. Die gebruik was om die voete van die gaste wat binnekom se voete te was.

Die mense het in daardie tyd net oop sandale gedra. Hul voete het dus op die pad sand en stof vergaar en moes by aankoms gewas word.

Die Here Jesus en sy dissipels kom in die bokamer aan. Hulle sien die water kruik, die kom en die doek by die ingang. Hulle weet waarom dit daar staan want hulle moet hul voete daarmee was.

Hierdie keer is daar egter geen slaaf om dit vir hulle te doen nie. Een van die dissipels sal dit moet doen, maar niemand is bereid nie. Een na die ander loop hulle by die kruik water verby. Niemand is bereid om die taak van 'n slaaf te vervul nie. Hulle beskou hulleself te goed daarvoor. Ek gaan dit nie doen nie. Laat hy dit maar doen. Dit kon die aanleiding gewees het tot die twis onder die dissipels oor wie se sosiale stand die laagste was, want daardie een moes die ander se voete was.

Luk 22:24 – *"EN daar het ook twis onder hulle ontstaan oor wie van hulle die grootste geag moet wees."*

Nadat Jesus ingemeng het, sluit Hy af met die volgende woorde:

Luk 22:27 – *“Want wie is groter: die een wat aan tafel is, of die een wat dien? Is dit nie hy wat aan tafel is nie? Maar Ek is onder julle soos een wat dien.”*

Dit was nie die eerste keer dat hulle getwis het oor wie die grootste was nie. Dit het hulle keer op keer besig gehou. So gebeur dit dat geen dissipel bereid is om die minste te wees nie. Die gevolg is dat hulle hul plek aan die tafel inneem sonder om hul voete te was. Voete moet skoon wees. Vuil voete moet gewas word. Al die dissipels is te belangrik. Voete was is ‘n werk vir die laagste van die laagstes en nie vir dissipels nie.

Almal sit aan tafel: Judas wat Jesus sou verraai; Petrus wat Jesus sou verloën; Johannes en Jakobus wat saam met Petrus aan slaap sou raak nadat Jesus vir hulle gevra het om saam met hom te bid; Markus wat kaal sou weghardloop toe hulle Jesus arresteer, hulle sit almal aan tafel. Eintlik lê hulle aan by ‘n redelike lae tafel. Elkeen se voete is naby aan die ander een se gesig en aan sy bord kos.

Die dissipels het nie geweet dat dit hul laaste maaltyd saam met hul Heer en Meester sou wees nie. Hulle het nie geweet dat Jesus aan die einde van Sy aardse bediening gekom het en dat Hy besig was om vir die kruis voor te berei nie. Hulle het nie toe besef dat Hy daardie nag die intensste oomblik van Sy lewe sou beleef nie. As hulle sou weet, sou hulle gewonder het wat die finale les is wat Jesus hulle sou leer. Hulle moes nie lank wag om uit te vind nie.

Jesus wag ‘n rukkie. Hy gee geen instruksie nie. Hy kon bv een van die dissipels opgedra het om sy voete en die voete van die ander te was. Dan sou die dissipel dit nie geweier het nie. “*Hy sou met liefde die voete van sy Meester gewas het. “Maar die voete van die ander dissipels? Wel, as die Here sê ek moet dit doen, sal ek dit doen, maar is dit wel eerlik? Moet ek die minste wees? Die Here soek nie so ‘n gehoorsaamheid nie. Hy wil hê dat Hy van harte gedien word, gewillig en met vreugde.”*

**Judas**

Alhoewel Judas daarvan bewus is dat die Here Jesus weet wat hy beplan, is daar eintlik geen omdraai vir hom meer moontlik nie. Hy aanvaar eintlik doelbewus die oordeel oor homself, en soos Johannes dit stel, die duiwel vaar in hom in en hy staan op om sy onheilsdaad te gaan voltrek. *Joh 13:2 – “En gedurende die maaltyd — die duiwel het dit al in die hart van Judas Iskáriot, die seun van Simon, ingegee om Hom te verraai —”*

Judas het tot op die einde nog kans gehad het om tot inkeer te kom, maar het geweier. Jesus se beheer was nie die van ‘n magsvertoon nie, maar was ’n doelbewuste onderwerping aan vernedering van Sy kruisdood wat voorlê.

Ten spyte van die feit dat die duiwel al klaar vir Judas oortuig het om Jesus in die rug te steek en alreeds reëlings vir Jesus se gevangenisneming getref het, het Jesus steeds vir Judas ingesluit in die voetewas simboliek. Dit het Jesus nie bang gemaak nie. Hy het van God af gekom en moes nou teruggaan. Boonop het Hy alles onder beheer gehad. Daarvoor het God gesorg. Joh 13:3 – *“EN voor die fees van die pasga het Jesus, omdat Hy wis dat sy uur gekom het dat Hy uit hierdie wêreld sou oorgaan na die Vader, en omdat Hy sy eie mense in die wêreld liefgehad het, hulle liefgehad tot die einde toe.”*

Dit wys ook dat die Here Jesus in beheer is van die bose planne wat Judas hierna sou uitvoer en nie die beheer van die planne wil fnuik nie, maar die beheer van Homself te onderwerp daaraan.

Paulus skryf veel later aan gemeente in Fillipense: Fil 2:6-11 – *“6Jesus staan in status op gelyke voet met God. Hy was egter nie so vol van Homself dat Hy tot elke prys aan dié status wou vasklou nie. 7Toe die tyd ryp was, het Hy die status en eer wat Hy gehad het eenkant toe geskuif. Hy het ’n mens tussen mense geword. Asof dit nie genoeg was nie, het Hy sommer ’n gewone mens geword wat op die oog af nie uitsonderlik gelyk het nie, ja, iemand van wie baie ander mense niks gedink het nie. 8As mens onder mense het Hy die pad van vernedering nog verder geloop. Dit sou Hom uiteindelik by die dood aan die kruis uitbring. Wat ’n vernedering! God het dit egter van Hom gevra en Hy het die pad van vernedering gehoorsaam enduit geloop. 9Maar God het Hom uit die diepte van vernedering gehaal en Hom die hoogste eer gegee wat God iemand kan gee. Nou is niks en niemand belangriker as Hy nie en niks en niemand kan ook belangriker as Hy wees nie. God self het so besluit. 10Net mooi almal sal voor die grote Christus moet buig, maak nie saak wie hulle is of waar hulle vandaan kom nie. Selfs*

*dié wat lankal dood is, sal voor Jesus moet buig. 11Hulle almal sal met oortuiging vir mekaar sê: "Jesus Christus is die Here." So sal almal ook besef hoe groot en belangrik God die Vader is."*

**Tradisioneel**

In Bybeltye was voete 'n simbool van nederigheid en die meeste mense het kaalvoet of met eenvoudige sandale geloop wat die meeste van die voet blootgestel het aan wat-ook-al op die pad was en was dus dikwels vuil. Voete is as nuttig en prakties beskou.

Een van die mees basiese dade van gasvryheid was om die voete van gaste te was wanneer hulle aankom. Daar was praktiese en sosiale redes daarvoor. Aangesien dit nie jou eie huis was nie, moes die gasheer die gewassery gewoonlik reël. Die "onbelangrikste" persoon in die huis (soos 'n slaaf) moes gewoonlik hierdie werkie doen.

Aangesien hulle destyds op banke rondom 'n tafel gelê en eet het, was dit onafwendbaar dat jou voete naby die gesig gelê het van die persoon wat langs jou gelê het… *Wie wil nou met vuil voete langs iemand anders lê en eet? Wás dit dan maar liewer!*

As deel van die voetewas is daar dikwels ook parfuum oor die voete gegooi, sodat die voete nie alleen skoon was nie, maar ook lekker geruik het. *Dan was die ete sommer ook baie aangenaam.*



Voetewas het ook sosiale betekenis gehad, veral as dit by eerbewyse kom. As jy besondere eer aan iemand wou betoon, het jy baie aandag aan die was van sy voete gegee en duur parfuum gebruik. As die vrou Jesus se voete was en dan duur nardussalf daaroor uitgooi, betoon sy besondere eer aan Jesus. Voete is ook 'n simbool van nederigheid.

Hierdie daad van voete was voor ete was so laag en nederig beskou dat dit nie eens van Joodse slawe verwag is om dit te doen nie. Heidense slawe is vir hierdie takie gebruik. As daar geen slaaf was om die voete te was nie, het die gaste dit vir mekaar gedoen of self hul voete gewas. Dissipels van een of ander Rabbi sou beslis beurte geneem het om die Rabbi of Leermeester se voete te was. Dit het nooit andersom gebeur nie.

So het die praktiese reëlings gelyk. Daarom was dit so "dramaties" dat Jesus sy dissipels se voete was. Hy was immers die belangrike een. Sy dissipels moes eerder Jesus se voete gewas het.

**Voete word voor die maaltyd gewas, maar Jesus was hulle voete na die maaltyd.**

Hier gaan sit Jesus en Sy dissipels al aan tafel waarskynlik sonder dat die voetewas voor die tyd gebeur het. Almal was te belangrik om die ander se voete te was. Dis belangrik dat mense darem sien jy is iemand. En om iemand te wees moet daar mense onder jou wees. Wie is onder jou as jy soos die heindense slaaf, die laagste van mense volgens Joodse denke, ander se voete was. En Jesus die leier, die Leermeester en die Rabbi, die een van wie dit laaste verwag word, staan op om Sy dissipels se voete te was.

**Jesus doen die ondenkbare**

Sodra die ete oor was, het Jesus die geleentheid gebruik om hulle nog een illustrasie te gee van hoe ware mag, gesag en diensbaarheid lyk.

Daarna het Hy opgestaan om hulle voete te was en daardeur te kenne gegee dat Hy Homself ag as die een met die laagste stand en inderdaad onder hulle is soos een wat dien. Omdat ons voete so 'n nederige deel van ons liggame vorm, openbaar die was van ons voete deur iemand anders, ons diepste gevoelens. Die hoogmoed in die dissipels se harte was deur hierdie gebeurtenis duidelik geopenbaar. Dis hoekom Petrus so sterk gereageer het toe Jesus hom met die handdoek en die wasskottel genader het.

Hierdie deel dui die menslikheid van die dissipels en die grootsheid van Jesus, uit.

Jesus staan toe van die tafel af op, trek Sy bokleed uit (wat Sy mag, posisie en aansien verteenwoordig het, eenkant gesit) en bind 'n handdoek om sy middel vas. Hy maak toe 'n bak vol water en doen die

ondenkbare en begin sy dissipels se voete een vir een was. Jesus gebruik die handdoek en droog hulle voete af. Joh 13:4-5 – *"van die maaltyd opgestaan en sy bo-klere uitgetrek en 'n doek geneem en dit om Hom vasgemaak. Daarna het Hy water in 'n bak gegooi en die voete van die dissipels begin was en afdroog met die doek wat Hy omgehad het."*

Jesus het AL die krag tot Sy beskikkings gehad: Hy was die Seun van God! Hy het siekes genees en skares gevoed uit basies niks! Hy wek Lasarus uit die dood op! Maar wat doen Jesus met AL Sy geestelike krag? Hy trek sy bokleed uit. Dis wat Hom van 'n gewone slaaf onderskei het en Hy begin Sy dissipels se vuil, stowwerige voete was. Dis wat Jesus doen met al die krag tot Sy beskikkings: Hy dien Sy dissipels deur die nederigste daad dankbaar - deur hulle voete te was. Daaraan herinner Fillipense 2 ons ook: *"Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word."*

Die Seun van die lewende God het die handdoek bo die titel verkies. Tydens die pynvolste nag van Sy lewe, toe Hy eintlik die Een was wat bedien moes word, het Hy gekies om ander te bedien.

Dit gaan nie net oor die verstommende ding dat Jesus Sy dissipels se voete was nie, dit gaan ook oor wie se voete Hy was. Hy was hulle almal se voete. Hy het klaar vooruit geweet Judas gaan Hom verraai en oorgee aan Sy moordenaars. Hy het klaar vooruit geweet Petrus sou Hom verloën en drie keer ontken dat Hy Jesus se dissipel is. Hy het ook geweet dat meeste van Sy dissipels nie sou kans sien om Hom te volg tot by die kruisiging nie.

**Petrus**

Joh 13:6-7 – *"Hy kom toe by Simon Petrus en dié sê vir Hom: Here, gaan U my voete was? Jesus antwoord en sê vir hom: Wat Ek doen, begryp jy nie nou nie, maar jy sal dit hierna verstaan."*

Die taal wat Simon Petrus gebruik in die Grieks, is eintlik baie sterker as die vertaling. Dit sê: *"Here, U van my was die voete*" en toe Jesus bevestigend antwoord, sê hy eintlik*, "Nee, jy mag my voete was tot in ewigheid nie.*"

Petrus is nog nie in staat om die volle betekenis van Jesus se aksie te verstaan nie. Jesus se nederige diens staan nie op homself nie. Dit is 'n teken van sy totale vernedering aan die kruis. Dit is 'n voorafskaduwing van die kruis self. Daar gee die Here Jesus sy lewe vir die redding van sondaars. Jesus het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie. Jesus bewys aan die kruis dat hy sy eie mense liefhet tot die einde toe, die hoogtepunt van sy selfopofferende liefde. Deur die offerande aan die kruis, reinig Jesus sy geliefdes. Die wassing van sy dissipels se voete is daarom ook 'n simbool van die afwassing van hul sondes.

Hy kom toe by Simon Petrus. Voor Hy nog kon begin, maak Petrus beswaar en sê vir Jesus: Joh 13:8a - "*U sal my voete in der ewigheid nie was nie!"*

Petrus het sekerlik onmiddellik gevoel dat hy nie verdien dat Jesus sy voete was nie. Hy het moontlik gedink: *"Ek wat U gister weereens so bitter teleurgestel het. Ek wat U nog gaan verraai, ek wat U nou-nou gaan verloën. Ek met my eie wil wat so min vir U doen. Ek, die hardkoppige ene want soms so 'n goor lewensuitkyk het, wat U kinders soms soos vloerlappe behandel."* Sou ons ook soos Petrus verdwaas gesit en gewonder het wat ons gedoen het om dit te verdien. Dit getuig van sy vereringsvolle liefde vir Jesus, en sy totale misverstand van Jesus se optrede. Hy dink in terme van eer en oneer, terwyl dit vir Jesus gaan om redding uit verlorenheid.

Petrus was reg. As ons van Jesus moet ontvang wat ons verdien, beland ons almal in die hel. Dank God dat Hy ons nie gee wat ons verdien nie, maar juis dit wat ons nie verdien nie. Redding en al die seëninge daaraan verbonde is produkte van God se genade. Efes 2:8-9 – *"Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God.; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie ."*

Petrus besef hy het negatief gereageer en besef wat Jesus wil doen, maar verbreek steeds die eerste reël van dissipel wees nl. gehoorsaamheid. Hy weier om hom aan Jesus te onderwerp. Jesus herinner hom aan 'n groot waarheid in Joh 14:15 – *"As julle My liefhet, bewaar my gebooie."* Gehoorsaamheid is die bewys van ons liefde vir Jesus want indien die gelowige hom nie aan die gebod van God onderwerp nie, kan hy nie gemeenskap met God hê nie.

Maar Jesus gee daarop ‘n skrikwekkende antwoord, wat die ewige erns van sy optrede openbaar in Joh 13: 8b - *“*Jesus antwoord hom: “*As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie.”*

Jesus se voetewas staan natuurlik nie op sy eie nie, dit wys heen na die kruis. Jesus praat hier van meer as net fisiese was met water, Hy bedoel met Sy bloed en deur Sy Gees. Dit is asof Hy sou sê: *“Petrus, as ek jou nie gewas het met die wassing van die wedergeboorte deur my Gees nie, en as ek nie My bloed vir jou vergiet en jou daarin was van jou sondes nie, sou jy geen gemeenskap met My kon hê in hierdie wêreld nie, of enige deel in My hemelse erfenis hierna nie.”*

Ons het soos Petrus deel aan Hom omdat Hy aan die kruis vir ons die hoogste prys betaal het en omdat dit ons gered het en in die regte verhouding met God gestel het. Vers 1 dui aan dat Jesus Sy eie mense liefgehad het tot die uiterste toe en dit het ons aan die kruis gesien.

Luk 22:29-30 – *“En Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos my Vader dit vir My beskik het, sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel*.”

Joh 14:3 – “*En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.”*

Joh 17:24 – *“Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld.”*

Daarom, tensy 'n mens deur Jesus gewas word, hy geen deel in hierdie of die ander wêreld met Hom kan hê nie. God se uitverkorenes het 'n deel, 'n belang in Jesus deur die ewige, uitverkiesende en verbondsgenade en word as gevolg hiervan deur Jesus gewas sowel met Sy bloed as met die bad van die wedergeboorte; en dit word gedoen sodat hulle deel kan hê met Jesus en geestelike gemeenskap met Hom hê en besit saam met Hom die onbesmette erfenis, wanneer die tyd nie meer sal wees nie.

Joh 13:9 – *“Simon Petrus sê vir Hom: Here, nie net my voete nie, maar ook die hande en die hoof.”*

Petrus verstaan al weer verkeerd. Dit gaan nie om die wassing van sy liggaam nie, maar om die bereidheid om deur Jesus se offer aan die kruis gereinig te word van al ons sonde. Daarvan is hierdie voetwassing van Jesus ‘n teken. Dit gaan om ons erkenning van ons sonde en dat ons alleen deur Jesus se nederige en onderworpe *“liefdesdiens tot die uiterste”* daarvan verlos kan word. Dit word gesimboliseer deur hierdie voetwassing van Sy volgelinge deur die Seun van God self, en hulle aanvaarding van sy reiniging.

Toe sê Jesus vir Petrus: Joh 13:10a – *“Jesus sê vir hom: Hy wat gewas is, het niks anders nodig as om die voete te was nie, maar is heeltemal rein; en julle is rein, maar nie almal nie.”*

Hier bevestig Jesus ŉ groot waarheid dat as ons Jesus as Verlosser aangeneem het, is ons vir altyd van die sonde-oordeel gewas: Open 1:5 – *“en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed .”*

Daarom hoef ons nie elke keer as ons sondig van voor af tot bekering te kom nie. Ons moet egter dadelik na Hom vir vergifnis gaan sodat die geestelike lug gesuiwer en die verhouding met Jesus herstel word. Indien ons dit nie doen nie, word die gaping tussen ons en God groter. Die geheim van geestelike vreugde is om belydenis van sonde te doen. Jesus was steeds die voete van sy kinders. Ps 32:5 – *“My sonde het ek U bekend gemaak en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die Here my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe .”*

Joh 13:10b - 11 – “*Maar nie almal van julle sal skoon word nie, al was Ek almal se voete.” 11Want Hy het geweet wie Hom sou verraai. Daarom het Hy gesê: Julle is nie almal rein nie.”*

Hierdie laaste sin was op Judas gemik. Jesus het reeds geweet Judas gaan Hom verraai.

Joh 13:12 – “*Toe Hy dan hulle voete gewas en sy bo-klere geneem het, gaan Hy weer aan tafel en sê vir hulle: Verstaan julle wat Ek aan julle gedoen het?”*

Jesus het voortgegaan om almal se voete gewas. Daarna gaan sit Hy weer op Sy plek. *“Maak dit sin wat Ek vir julle gedoen het? Wel, laat Ek dit so vir julle verduidelik. Hoe praat julle oor My? Julle noem My mos “die Een wat alles vir ons leer” of “ons Leier vir wie ons onvoorwaardelik volg.” Julle is natuurlik*

*reg, Ek is al hierdie dinge. As Ek, die Een wat julle leer en lei, julle voete was, wat sê dit vir julle? Net een ding: julle behoort mekaar se voete net so te was.*

Die lewe is moeilik en ons het al die hulp en liefde nodig wat ons kan kry. My plek in die hemel is verseker omdat God en Sy Seun my lief genoeg gehad het om vir my aan die kruis te sterf. Dankie Jesus vir daardie reddende en vergewende liefde, ons wil nie daarsonder nie. Ons is nie bang dat Jesus ons liefhet nie, maar is bang vir wat Jesus se liefde van ons gaan vra. Dat ons moet gaan leef en optree soos Hy. Dat ons sal met verander en ons selfgerigtheid moet prysgee. Dis die moeilike deel.

Ons sal nog my vriende en familie en gesin dien, maar Here, ons het ook Judasse en Petrusse in my lewe. Mense wat my in die rug gesteek het of diep teleurgestel het. Mense wat op sekere plekke maak of hulle my nie ken nie. Ons wil verseker nie hulle voete was en hulle dien nie!

Maar Jesus antwoord in Joh 13:34 – *"'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê."* Solank liefde net hierdie mooi sentimentele gevoel is sien ons kans, maar dis nie wat Jesus se liefde is nie. Jesus se liefde word met die daad bewys, Hy was ons voete, Hy gaan kruis toe vir ons.

Om soos Jesus lief te hê vra offers, dit vra alles van ons.

Skip Heitzig stel dit so: *"If we really want to follow Jesus, He wil make us people of the towel."*

**I do not want to be a sensation; I want to be a servant.**

Toe Hy klaar was met die aksie, het Hy hulle aangesê om Sy voorbeeld te volg: Joh 13:13-15 - *"Julle noem my Leermeester en Here, en tereg só, want Ek is dit. As Ek dan, wat julle Here en Leermeester is, julle voete gewas het, moet julle mekaar se voete was. Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen."*

Petrus begryp nou die betekenis van die voetewas. Dit geld vir alle tye. As Hy ons voete gewas het en bereid was om te dien, dan moet ons dit ook vir mekaar doen. Ons moet mekaar dien. Dit is die weg tot ʼn gelukkige lewe.

**Wie se voete moet ons was as ons Jesus se voorbeeld wil volg?**

- Die persone wat reken ons is nie goed genoeg vir hulle geselskap nie.
- Die ouens wat reken hulle is die belangrikste in die Koninkryk van God.
- Uitvaagsels soos dié waarmee Jesus omgegaan het.
- Vriende wat ons in ons diepste nood versaak het.
- Die Thomasse in ons lewe wat reken ons is nie geloofwaardig nie.
- Die Petrusse wat nie deur ons gewas wil word nie.
- Die Johannesse wat ons getroue vriende is.
- Die Judasse in ons lewe wat verraai en moor.

Maar voordat ons hoef te buk om voete te was buk die Here Jesus Christus, wat ons tot die uiterste toe liefhet, af en was ons voete. Hý ag ons waardig om ons voete te was nét soos ons is. Hoor hoe Hy vir ons sê: *"Jy is nou heeltemal skoon"*

In Joh 13:16 gee Jesus ʼn opdrag: - *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, 'n dienskneg is nie groter as sy heer nie, en 'n gesant is ook nie groter as die een wat hom gestuur het nie."* As Hy bereid is om ʼn dienskneg te wees, moet Sy volgelinge ook diensknegte wees. Jesus het nie net diegene gedien waarvan Hy gehou het nie. Al was Johannes die lieflingdissipel en het hy en sy broer Jakobus altyd so ʼn entjie voor die ander dissipels probeer wees, het Jesus hulle nie voorgetrek nie. En wat van Petrus wat Jesus drie maal sou verloën? Dan was daar ook Thomas die twyfelaar, nie eens van Judas die verraaier te praat nie. Jesus het nie toegelaat dat enige subjektiewe faktor sy liefdediens beïnvloed nie, maar almal eenders hanteer.

Jesus vra dat ons mekaar se voete, volgens Sy voorbeeld, ook te was. Dit beteken dat ons mekaar in eerbetoon moet voorgaan. Wie die minste in sy optrede is, sal die meeste wees. Dit leer ons aan die hand van Jesus wat voete was.

ʼn Dienskneg van God is nie bevooroordeeld nie. Hulle het die hart van Jesus en dien mense ongekwalifiseerd. Dien ons almal werklik eenders?

*“Ek het nou vir julle ’n goeie voorbeeld gegee: volg daardie voorbeeld. Doen aan mekaar wat Ek aan julle gedoen het. Dit kan nie anders nie, want die werker skryf mos nie vir die baas voor wat om te doen nie. As jy iemand stuur, vertel die een wat gestuur word nie vir jou wat jy wil hê nie. Dit werk mos andersom. Dit weet julle tog. As julle regtig gelukkig wil wees, moet julle doen wat Ek nou net vir julle gesê het. Ek praat nie van julle almal nie. Ek ken julle goed, want Ek het julle as my vriende gekies. In die Skrif staan: “Die een wat saam met My geëet het, het my seer geskop.” Julle sal dit sien waar word. Ek sê dit nou al vir julle. Kyk maar net. Wanneer dit gebeur, sal julle nie onkant gevang word nie, want julle sal weet dat dit moet gebeur. Wanneer dit gebeur, sal julle net al hoe meer oortuig raak wie Ek regtig is. Dit moet julle altyd besef. Sê nou Ek stuur iemand en ons ontvang hom met oop arms, is dit eintlik vir My wat julle so ontvang. En as julle My so met oop arms ontvang, ontvang julle eintlik so vir God wat My gestuur het.”*

**Wie was die Dissipels wat Jesus se voete gewas het?**

- Dit was die manne wat probeer het om te keer dat Jesus moeders en kindertjies te woord staan en seën – ***omdat*** hulle gedink het moeders en kindertjies is te onbelangrik vir Jesus en sy dissipels.
- Dit was die ouens van wie ons in Matt 18 lees wat baklei het oor wie die belangrikste in die Koninkryk gaan wees – ***totdat*** Jesus ’n kindjie nader geroep het.
- Dit was Petrus, die rots, wat aangehou en aangehou het om Hom te verraai – ***totdat*** die haan gekraai het (Joh 18:27).
- Dit was Thomas, wat nie wou glo dat Hy opgestaan het nie – ***totdat*** hy sy vinger in die wonde in Jesus se hande en sy kon steek nie.
- Dit was die vriende van Jesus wat nie eers een uur saam met Hom kon wakker bly nie terwyl Hy in angs en pyn bloed gesweet het en God gesmeek het om die beker by Hom te laat verbygaan – ***totdat*** Hy alleen Getsémané binnegegaan het. Dit was die geestelike snobs wat nie wou hê Jesus moet met prostitute omgaan, by tollenaars eet en flentermense heelmaak nie, **veral nie** op die Sabbatdag nie!
- En dan was daar ook Johannes – Johannes vir wie Hy so lief gehad het. Johannes aan wie Hy sy moeder toevertrou het. Selfs sý voete is ook gewas.
- En dit was ook Judas – **Judas Iskariot**.

**Joh 3:16 Jesus se belofte aan ons**

Jesus verduidelik hoekom Hy hulle die mandaat gegee het in <u>Joh 3:16</u>: *“Hoe waar is dit tog nie: ‘n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie en ‘n gestuurde ook nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie.”* Jesus het dit vir hulle gesê omdat hulle nie groter as hulle Meester is nie; hulle moet net so nederig en gewillig as Hy wees om hulself te verneder en ander te dien. Hy het dus in hierdie een handeling gedemonstreer dat die handdoek (gees van nederigheid en diens aan andere) magtiger is as die titel (gees van trots en selfvervulling).

Ware vreugde en vervulling kom net as ons kies om die handdoek op te neem en dien en dan word ons eintlik eerste geplaas. Ons maai ons kragtige voordele, net soos Jesus aan Sy dissipels belowe het met hulle sou gebeur in <u>Joh 13:17</u> - *“As julle hierdie dinge insien en julle eie maak, sal julle gelukkig wees as julle dit ook doen.”*

<u>Jak 4:17</u> - *“Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde.”*

As ons onsself laaste plaas en ander eerste, dan word ons die eerste in die koninkryk. Dit is ‘n Bybelse beginsel. Jesus self het dit só verwoord: <u>Matt 20:16</u>: - *“So sal baie wat nou vernaam lyk, eendag heeltemal onbelangrik wees. En dié wat nou nie gereken word nie, sal eendag die belangrikste wees.”*

Deur die handdoek op te neem en ander te dien, vervul ons eintlik ons roeping. Jesus het verklaar dat ons mekaar moet dien soos wat Hy ons gedien het.

Deur die handdoek op te neem en Sy voorbeeld te volg, word ons meer soos Jesus indien ons diensbaar is aan ander. Toe Jesus na die aarde gekom het, het Hy Sy reputasie (titel) opgegee, die vorm van ‘n verbondslaaf aangeneem en soos die mens geword net om ons te kan bereik. <u>Fil 2:6-8</u> – *“6Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, 7maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword;*

*8en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis."*

Jesus het nie geloop en spog dat Hy God was en verwag die mense moet doen wat Hy sê nie.

Juis op grond van Sy nederigheid, het God "*Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is,"* Fil 2:9 – *"Soos wat ons Sy voorbeeld volg, sal God ons ook verhoog as ons die hart van 'n dienaar het."*

Al was Jesus aan die einde van sy aardse bediening, was sy hart steeds met liefde vir sy dissipels gevul. Hy het hulle volkome en onvoorwaardelik liefgehad net soos Hy ons vandag nog liefhet. Paulus skryf in Rom 8 dat *niks ons van hierdie liefde van Jesus kan skei nie, selfs nie eens die dood nie!* Ongeag wat in gelowiges se lewe gebeur, het Jesus ons volkome, onvoorwaardelik en ewig lief.

**Identiteit is belangrik**

Jesus het geweet wie Hy is. Dat die Vader alles in Sy hande gegee het en dat Hy van God gekom het en na God toe teruggaan. Jesus het geweet waar Hy vandaan kom en waarheen Hy oppad is. Dis hoekom Jesus die dissipels se voete kon was.

Skip Heitzig stel dit so: "*When you know who you are, you don' t have to prove who you are."*

En as ons nie meer hoef te bewys wie ons is nie, kan ons dien, kan ons kniel, kan ons buig. Mense wat nie seker is oor wie hulle is en van hul identiteit nie, kan nie dien nie en kan nie buig nie en kan nie kniel nie.

As ons identiteit bepaal word deur wat mense van ons dink, of wat ons besit of wat ons kan doen, gaan ons moeilik buig en dien. As ons identiteit bepaal word deur Jesus en wat Hy uit genade van ons gemaak het, gaan ons kan buig en kan dien. Want as Jesus eerste in ons lewe is, gaan Hy deur Sy Gees te voorskyn kom in ons lewe en in ons optrede.

Identiteit begin altyd by wat God gedoen het en van ons gemaak het. Paulus herinner ons daaraan in 1 Kor 15: "*Deur die genade van God is ek wie ek is. Nie deur wat ek van myself dink nie, nie deur wat ander van my dink of en of hulle van my het nie. hou nie. Nie deur wat ek besit het of bymekaargemaak* Deur die genade van God. Ons dink dat solank die mense van my hou of die vriendekring my nog insluit, is ek aanvaarbaar, of solank mense mooi goed van my dink en mooi met my praat is ek aanvaarbaar, of solank ek gewild of suksesvol is, is ek aanvaarbaar. Ons is net aanvaarbaar in God se liefde wat in Jesus vir ons verwerf is. Dis die enigste Een in wie ons ooit werklik altyd aanvaarbaar is, want Sy liefde vir ons verander nie.

*God se liefde vir my is volmaak. Daar is niks wat ek kan doen om hierdie liefde meer of minder te maak nie.*

**Jesus is 'n voorbeeld van nederigheid**

Dit is een van die mooiste eienskappe waaraan gelowiges herken word. Miskien het die dissipels onder mekaar getwis oor wie die slaaf se rol sal vertolk en die voete was. Miskien het die meeste van die dissipels gevoel dat dit benede hulle was en die toets gedruip. Mark 10:44 – *"En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet almal se dienskneg wees."*

Jesus sê dat die pad van ware grootheid in die koninkryk van God deur nederigheid loop; een van die talle teenstellings van die geloof.

**Waarom is dit soms vir ons so moeilik om ander mense te dien?**

Jesus het nooit 'n probleem daarmee gehad nie. Dit was vir Hom so natuurlik soos asemhaal. Mag God ons help om ware diensknegharte te hê. Dis net moontlik wanneer ons op die punt kom dat ons meer oor ons medemens as oor onsself besorg is: Fil 2:4 – *"Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n ."*

Jesus het vir ons 'n voorbeeld van diensbetoon nagelaat om na te volg. Sy lewe was 'n lewe van diens-aan-ander. Volg ons Sy voorbeeld of moet ons soos die dissipels erken dat ons dikwels maar net ons eie belange bevorder? Rom 16:18 – *"Want sulke mense dien nie onse Here Jesus nie, maar hulle eie buik; en hulle verlei deur hul vriendelike en mooi woorde die harte van die eenvoudiges ."*

Daar is hoop as ons doen wat Judas moes doen maar nie gedoen het nie:
KOM NA JESUS VIR REDDING.

Om lief te hê soos Jesus, te doen en te help en te dien soos Hy gedien het, is menslike moontlik. Ons kan nie Sy opdragte gehoorsaam in ons eie krag nie. Ons persoonlike verhouding met Jesus is so belangrik sodat ons hierdie soort liefde van Jesus ontvang - iets wat net Hy self vir ons kan gee.

Net deur Sy Gees se krag is ons in staat tot gehoorsaamheid. As ons in Jesus Christus is en aan Hom behoort, dan vloei Sy krag in ons en Sy troos en Sy liefde deur ons na buite.

Jesus het die hele aarde gewys wat dit beteken om onvoorwaardelik lief te wees vir mense, en die beste vir hulle wil hê. Dit is nodig dat ons vandag die liefde en nederigheid van Jesus vir almal op aarde wys, sodat haat en hoogmoed oorwin kan word.

Ons kan die wêreld waarin ons leef ‘n klein stukkie op ‘n slag verander as ons, soos Jesus, bereid is om ander mense se voete te was.

Die rede waarom God so lief is vir nederigheid is omdat Hy lief is vir die waarheid. Nederigheid is niks anders nie as die waarheid; terwyl hoogmoed ‘n leuen is.

**Die daad van voete was openbaar ons hart vir almal om te sien**

Elkeen wie se voete al gewas was deur iemand anders, sal kan getuig dat dit ‘n nederige ondervinding is. Dit voel of ons ons siel ontbloot as ons ons kouse en skoene moet uittrek sodat iemand anders ons voete kan was.

**Jesus se voete**

- **Sit by die voete van Jesus:** Om by Jesus se voete te sit, beteken om onder Sy gesag te wees: mooiste uitbeelding hiervan is die verhaal van die besetene van Gadara. Luk 8:35 – “*Daarop het hulle uitgegaan om te sien wat gebeur het; en hulle het by Jesus gekom en die man gevind uit wie die duiwels uitgevaar het, terwyl hy aan die voete van Jesus sit, gekleed en by sy verstand. En hulle het gevrees.”*

  ‘n Paar verse later smeek hy vir Jesus om by Hom te bly. Hy het moontlik veilig by Jesus se voete gevoel. Wanneer ons by Jesus se voete is, is ons onder Sy gesag. Die hel en al sy demone het dan geen gesag oor ons meer nie. By Jesus se voete is ons *“gekleed en by [ons] volle verstand.”*

- **Jesus se voete bring ons by ’n plek van stilte:** Maria was die suster van Lasarus en Martha en sy word drie keer in die Evangelies genoem. Elke keer wanneer haar naam genoem word, vind ons haar by die voete van Jesus. Terwyl Martha se aandag afgelei was, het Maria kalm gesit en luister na die woorde van Jesus. Wanneer ons in Die Here Jesus se teenwoordigheid kom, (in gebed, Bybel lees, aanbidding, ens.), dan is die laste van die lewe geneig om ongelooflik lig te word. Dit is goed om te leer en te sit in Sy teenwoordigheid en te vergeet van die sorge van die wêreld. Om die Here meer as ons bekommernisse lief te hê sal ons in staat wees om daardie kalm plek in sy Geseënde teenwoordigheid te vind.

- **Jesus se voete bring ons by ’n plek van vurige gebed:** Na Lasarus se afsterwe het Maria na Jesus gehardloop en met Hom gepraat. Haar vurige gebed het nie net Jesus se hart aangeraak het nie, maar ook Sy deernis vir haar daaglikse probleme. Hy was so aangeraak deur haar optrede dat Hy saam met haar geween het. Daarna het Hy die wonderwerk verrig waar Lasarus uit die dood uit opgewek was.
- **Jesus se voete bring ons by ’n plek van opregte aanbidding:** Nadat Jesus vir Lasarus uit die dode opgewek het, het hulle vir Hom ‘n maaltyd berei. Martha het bedien en Lasarus was ook aan tafel saam met Hom. Maria het ‘n pond egte, baie kosbare nardussalf geneem en die voete van Jesus gesalf en sy voete afgedroog met haar hare. En die huis is vervul met die reuk van die salf. Maria het ‘n kruik vol salf op Jesus se voete uitgestort. Die waarde daarvan was gelykstaande aan ‘n jaar se loon vir die gemiddelde werker. Sy was bereid om hierdie skat te gee as gevolg van haar liefde vir Jesus. Maria het haar bes gegee, sy het die Here met alles wat sy het, liefgehad. Ons moet nie minder doen nie. Dit is nie totdat ons ons alles gee nie, dat ons werklik ons liefde vir Hom betoon nie.

- **Wanneer ons die Here Jesus se voetstappe hoor:** Maria was oorweldig deur alles wat gebeur het en ontmoedig. Haar drome het aan skerwe gelê en sy het hartseer na Hom gaan soek. Op die oggend van die opstanding van Jesus, was Maria alleen by die graf toe sy voetstappe agter haar hoor. Wanneer ons die Here Jesus se voetstappe hoor, sal dit altyd wees om goeie tyding te bring wanneer ons oorweldig en moedeloos voel. Jesus se voetstappe daardie oggend het groot vreugde en berusting vir Maria gebring. Wanneer ons Sy voetstappe hoor, soos wat Maria dit gehoor het, dan is dit vir ons 'n teken dat ons aan die begin van 'n nuwe hoofstuk van ons lewe staan.

  <u>Joh 11:25</u> sê die Jesus: - *"Ek is die opstanding en die lewe."* Vandag sê Hy vir jou: "*Ek is die God wat die dode laat verrys en ek is die waarmaker van jou drome. Laat my toe om jou drome wat gesterf het weer te laat herleef. Ek het alles wat jy nodig het om 'n sukses in jou persoonlike lewe sowel as jou geestelike lewe te maak. Kom nader na My en Ek sal nader tot jou. Jy sal leer om My stem te herken as jy tyd saam met my spandeer. Moenie bang wees om my te vertrou met jou hele hart nie, want as jy honger vir meer, sal Ek jou begeertes ontmoet. Rig jouself op en moenie langer toelaat dat die druk van die wêreld jou aftrek nie, want elkeen wat opreg na My soek, sal My vind."*

**Slot**

Hierdie liefde van Johannes 13 gaan oor mekaar. "*Soos ek julle liefhet, moet julle mekaar liefhê*." Dis waar die tema van saamwees vandaan kom. Die dissipels se liefde en omgee vir mekaar wys na Jesus se sterwe en opstanding en Hemelvaart. Dis is die teken dat hulle die band met Hom behou het.

As ons mekaar liefhet soos Hy ons liefhet en mekaar se voete was soos Hy voete gewas het, dan sal almal weet.

Die getuienis gaan uit na buite, na die buitestanders en die kritiek van die geloof. Hoe ons mekaar as gemeente, as familie en gesin liefhet, laat almal weet of ons aan Jesus behoort, die band met Hom behou en Sy volgelinge is.

Johannes 13 leer ons die kern van geloof is liefde en dis iets baie plat op die aarde en baie prakties.

Omdat God mense liefhet, het Jesus se eerste volgelinge gereken, kan ons God nie behaag of ons geloof lewendig wees as ons nie ander mense liefhet nie.

Jesus verbind ons met Sy dood en opstanding aan Homself en aan die Vader. Sy weggaan van die aarde af maak die pad oop dat die Gees kan kom en altyd by ons kan wees.

Net deur SY krag kan ons liefhê soos Jesus liefhet en dien soos Hy dien. Die Gees kom herinner ons aan alles wat Jesus vir ons gedoen het en kom help ons om om te gee en te dien soos Hy gedien het.

Dis geen menslike moontlikheid om lief te hê soos Jesus liefhet nie, of om Sy opdragte te gehoorsaam in ons eie krag nie. Dis hoekom ons elkeen se persoonlike verhouding met Jesus so belangrik is. Hierdie soort liefde is iets wat net Hy self ons kan gee. Net deur Sy Gees se krag is ons in staat tot gehoorsaamheid.

As ons in Jesus Christus is en aan Hom behoort, dan vloei Sy krag in ons en Sy troos en Sy liefde deur ons na buite.

Jesus was ons deur SY bloed tot ware eenwees met Hom en met mekaar. Sodat almal kan weet deur die kwaliteit van ons liefde vir mekaar, ons is Sy dissipels.

**Waarom is voete belangrik in die Bybel?**

1. Voete was uiters belangrik in die Bybelse tyd om van plek tot plek te loop. Net soos voete noodsaaklik was vir natuurlike lewe, word voete in die Skrif gebruik as nodig vir geestelike lewe.
2. Net soos mans en vroue op hul voete staan as die basis van 'n regop postuur, gebruik Bybelverse ook voete om 'n sterk fondament in verskeie omstandighede te verteenwoordig. Daar word nie na voete verwys soos ons dit vandag sien nie, maar dit word as simbole gebruik om leiding of rigting, voor te stel.
3. Die voete het iets verteenwoordig wat vir alle mense algemeen was, maar verskillend gebruik. Byvoorbeeld, een van die mees bekende tekste wat voete behels, is <u>Psalm 119:105</u>: - *"U woord*

*is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad."* Dit beklemtoon hoe die voete gebruik word om te reis en te beweeg. Tog, sonder die woord, word die reisiger in die donker gelaat sonder 'n bekende pad.

4. In wese word na die voete verwys as 'n kritieke deel van die lewe, aangesien stap alledaags was. Ons reis natuurlik waar ons voete ons lei en die Bybelverse gebruik voete om 'n manier te verteenwoordig om deur die lewe self te reis. As ons op 'n donker pad stap, sal ons waarskynlik struikel. As ons op 'n heilige pad stap, sal ons sekerlik God behaag. Dit alles word simbolies deur die voete vergemaklik.
5. Bybelse verwysings na voete dui dikwels aan of lewenskeuses gemaak is met goeie nadenke en onderskeidingsvermoë. Spreuke 4:26-27 - : *"Dink noukeurig aan die paaie vir jou voete en wees standvastig in al jou weë. Moenie na regs of links draai nie; bewaar jou voet van die kwaad."* Hierdie verwysing is duidelik 'n metafoor wat aandui dat ons voete nie net die fondament van ons fisiese wandel is nie, maar ook ons geestelike wandel.
6. Fisies as ons 'n verkeerde afdraai neem of 'n verkeerde pad volg, kom ons nie by ons gewenste bestemming uit nie. Net so, terwyl ons deur geloof op ons Christelike reis wandel, is dit van kritieke belang dat ons God se pad volg en vermy om verkeerde stappe of slegte draaie te maak wat ons kan laat dwaal.
7. Wanneer ons op die woord van God staan, is ons op goeie voet. Wanneer ons afdwaal van die regverdige pad wat God vir ons bepaal het, is ons op 'n slegte voet wat hom as verskeie probleme in ons lewens manifesteer.
8. In die Skrif, wanneer voete gly of struikel, is dit simbolies om in sonde te val (Job 12:5; Ps 37:31; 56:13; 66:9; 73:2; 116:8; 121:3). Om in sonde vasgevang te wees word selfs gelykgestel aan voete wat in 'n strik of in boeie is in Psalm 25:15; 57:6; en 105:18.
9. Dit word gekontrasteer deur voorbeelde van God wat ons voete veilig maak en ons op 'n goeie voet hou sodat ons ons van sonde weerhou (1 Sam 2:9; Ps 17:5; 26:12; 31:8).
10. Voete is 'n simbool van nederigheid. In antieke tye is voete algemeen as nuttig en prakties beskou. Baie mense het kaalvoet of met sandale van dierevel geloop. Die voete was dus dikwels vuil. Kultureel, om voor jou voete te buig, om jou voete te was, of om iets voor jou voete neer te lê, was 'n teken van groot nederigheid en onderdanigheid. Christene behoort nederigheid en genade aan mekaar te betoon.

**Interessante feite oor voete**

- Die gemiddelde persoon loop tussen drie en vier keer rondom die aarde loop in sy leeftyd.
- Die voet self is 'n komplekse meganisme wat bestaan uit 26 bene, 33 gewrigte, en meer as 100 spiere en senings.
- Ons voete verteenwoordig alles van ons. Waar ons voete gaan – daar moet die res van ons volg. Bv as ons voete seer is, is ons hele liggaam seer; As ons voete koud is, is ons hele lyf koud; As ons voete vuil is, voel ons vuil totdat ons ons voete gewas het.
- Voete het ongeveer 250 000 sweetkliere wat elke dag tot 285ml sweet produseer.
- Daar is ongeveer 8 000 senuwees in die voete - dit is meer per vierkante sentimeter as enige ander plek op ons liggaam.
- In 'n gemiddelde dag van stap ervaar ons voete kragte van altesaam honderde kilogramme — die ekwivalent van 'n volgelaaide sementvragmotor.
- Babas se voete groei vinnig.
- Selde is twee voete op 'n persoon dieselfde grootte.
- Voete is die grootste aan die einde van die dag.
- In 2020 het wetenskaplikes ontdek dat wat die menslike voet so uniek maak, is die transversale tarsale boog wat die voetkenmerk is wat ons voete van dié van sjimpansee's en gorillas onderskei. HEE HAA!!
- Voete weerspieël dikwels ons algemene gesondheid. Abnormaliteite of pyn in die voete kan dikwels meer ernstige gesondheidstoestande aandui.

Ons voete neem ons ook oral waar ons wil gaan. Dis hoekom die Bybel sê: Rom 10:15 - *"Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!"*

**Bibliografie**


- Nagevors deur Salome Strydom - 24 Januarie 2022
- 1933/1953 Bybelvertaling
- Die Boodskap Bybelvertaling
- Bible Hub Grieks Interlinear
- Skip Heitzig
- Fotos Suiderkruis
- Jan Steyn
- Die Posduif
- Joy Magazine


**Voetnota**

Skip Heitzig glo dat daar een lewende en ware God is, wat ewig bestaan in drie persone: die Vader, die Seun en die Heilige Gees, gelyk in krag en heerlikheid; hierdie drie-enige God het alles geskape, handhaaf alles en regeer alles volgens die doel van Sy wil.